**9 MEI** **SKRIFGEDEELTE: NUMERI 15:22-31**
**FOKUSGEDEELTE: 1 JOHANNES 2:1-2**

## Gebed om vergifnis

Bid gerus vandag saam met my...

Vader.

My sonde is om... (Dink ‘n oomblik na en voltooi die sin.)

Hierdie sonde van my vertroebel gemeenskap met U, dit is asof ek ver van U is. Ek hoor U nie meer so duidelik praat nie. Ek weet nie meer of U my hoor nie. Daar is nie lus in my hart om voor U te sing nie. Ek kruip soos Adam en Eva vir U weg; ék tussen die ruigtes van my besigwees, my bekommernisse, my verontregting...

Soms doen ek die sonde doelbewus, aspris.

Ag, Here Jesus, ek is so jammer dat ek dit doen. Ek wil eintlik eerder naby U wees. Die prys wat U betaal het was soveel groter as ’n bul of ’n bokram of ’n bietjie graan. Moet my tog nie van U af wegjaag nie, maar skryf die offer wat U gebring het teenoor my naam. Herstel my gemeenskap met U.

Soms doen ek die sonde onwetend.

O Heilige Gees, U maak my sensitief vir die disharmonie wat ek onwetend tussen U en my inbring. Oortuig my van my sonde. Bring my op my knieë, smekend om vergifnis. Verander my sodat ek meer en meer uit U vrede leef.

Soms sien ek ander hierdie sonde doen...

Ek vergewe húlle soos U my vergewe. Ek pleit by U vir hulle.

Dit is heerlik om terug te wees in U nabyheid!

Amen!

*Sing: Psalm 51:1, 6, 8 (1936-beryming) of*
*Psalm 51:1, 3, 4 (2001-omdigting)* *Ds Johan Fleischmann (Vleuels, Bloemfontein)*